HESTER SE BIFOKELS

- eenvrou-vertoning -

deur
Magdaleen Van Zyl

Hester praat met ‘n Namakalandse aksent

Kontakbesonderhede vir opvoerregte:
Magdaleen van Zyl (e-pos: mail98142@telkomsa.net)

DIE VERHAAL SPEEL HOM AF OP ‘N KLEIN DORPIE , WAT SE NAAM OOK KLEIN-BEGIN HEET. WAS EERS TOERENTYD ‘N PLAAS, TOE ‘N STASIE EN ALS HET MAAR SO UITGEBOU EN ONTWIKKEL, TOT DIT ‘n KLEIN DORPIE GERAAK HET. HESTER IS HIER GEBORE, HET NOG NOOIT GETROU NIE. MISKIEN IS DIT OOR HAAR NUUSKIERIGHEID, MISKIEN IS DIT OOR HAAR VRY Sê, MAAR NIETEMIN, HESTER IS ‘N OUJONGNOOI –TANTE WAT TOG TE GRAAG PRAAT

Lat ek darem nou vir my so ampertjies liederlik verêrre vir daai nuwe mannetjie van die koorperasie. Vir so ‘n onaansienlike kerel, is hy darem geheel en al te vrypostig. Siestog, kan mos nou ook nie verhelp oor hoe sy gelaat nou lyk nie. Bont se ek jou, ene kiewiet-eier. Te aardig. Lyk kompleet of hy onder die sif deur geloop het en iemand ‘n bol beesmis bo deur gewerk het. Die sonde wat ek doen. En dan, asof die bont gesig nou nie al klaar so ‘n aardigheid is nie, het hy ‘n paar lippe aan hom wat enige ovambo-vrou met afguns sou laat staar het. Soos twee trekker-tjoeps. Dik se ek jou. Die mannetjie is nie baie lank nie, ook nie baie maer nie, en ook nie baie vet nie. Maar so half in between, maar die handjies. …… mens, soos ‘n begrafnisondernemer s‘n. Foeitog, die mense doen ook maar net ‘n werk, en dan seker ook ‘n edele werk om so die laaste eerbewys te doen en iemand uit te lê, maar die hande. Ai, hulle leer dit seker êrens, want almal het mos sulke soetvat handjies - jy gril vir jou tot in ‘n ander bloedgroep in. ek dink net heeltyd: daai wit handjies het nou net nog die lyk gewas, en dan gril ek lat ek vir amper ‘n dag nie droog of nat oor my lippe kan kry nie. Nee, o, aarde. G’n wonder die man het nie ‘n vrou nie. Mind you, die begrafnisondernemer het mos ook nie een nie. Het een gehad hoor, maar die’t weggeloop met ‘n polisieman van Willowmore se wêreld. Ek sou ook. Die vrou was so maer en uitgeteer soos g’n tb-lyer kan lyk nie, en mens verstaan mos nou hoeka waarom, want hoe sou die vrou ooit sin in ‘n ou eetdingetjie kon kry met die handjies wat aan haar vat. Aardig mens.

Bring my mos nou by hande uit. Snaaks hoe die lewe is. Groot Gert by die slaghuis het sulke

hengse hande wat soos skaapblaaie lyk.As hy mos nou klein handjies gehad het, sou hy mos nou nooit daai skape en goed van die haak af kon kry nie. Dis asof elke mens se hande net by hom pas - moet mos nou seker ook want ‘n Meester het dit gemaak, maar bly vir my so snaaks.

Kyk nou vir Miempie wat uitbrei - sulke ou flinder-fyn handjies vir al daai wolletjies. Dink nou net haar hande moes soos een van die verwaarloosde Cronje-meisies se hande gelyk het. Ek dink daai drie meisies se hande haak aan hul eie lywe vas - skurf mens. Werk mos op daai lappie grond soos drie mansmense, van vroeg tot laat. Die ma en pa dood toe mos in een week van griep en daar sit die drie meisiekinders met hawer wat van die land af moet kom en ‘n hektaar onder kool en nog ‘n hektaar onder beet, en die res het ek nog nie uitgevinne nie. Dis ‘n hektaar van dit en ‘n hektaar van dat, maar mens kry hulle nooit lank genoeg aan’t stilstaan dat mens kan uitvra nie. Moet mos belangstel, foeitog nou gaan hulle mos nou ook nooit weet of ’n man hulle wil hê oor hulself of oor die lap grond nie. Maar die hande, ai mens, soos nr 30 skuurpapier op die skewe rakkie in die kooperasie.

Gepraat van die kooperasie - wat gaan nou weer daaraan? Tant’ Anna Kitaar boer deesdae daar - het mos die naam gekry omdat sy die een is wat eintlik die kitaar slaan. Oom Boet Kooperasie spring maar net op die deuntjie rond wat sy speel en verander maar die ritme so saam met haar verander van ritme. Die mense praat, hoor. Nie ek nie, nee. Ek se mos maar altyd mens moet die mense en hul privaatsake in vrede los. Het nog nooit ‘n los mond gehad nie.

Mens kan my ma iets vertel. Ek bêre dit net hier (DRUK HAND BY BORS IN)

Ma’ lat ek nou net eers sê van Tant’ Anna. Sy’s mos haar oorlee’ pa en ma se enigste kind en erf toe mos ook als. Die pa se spul aandele in die koorperasie en nog ‘n spul goed. Ma met al die aardse goed, groot ghrend huis, stinkhout en geelhout meubels en juwele wat moet toegesluit

word in kluiste, kry die vrou nie juis mans wat kom vlerksleep nie, want alhoewel die bruidskat nou nie te versmaaie is nie, is tant ‘ Anna tog ‘n onaansienlike mens. Ai, foeitog. Het mos nou maar nie haarselwers gemaak nie , en ‘n mens moet jouself mos nou maar vat soos jy jouself kry. Skewe tande soos ‘n plaaslyn se lui: een lank , een kort, dan weer twee lank, en een kort. foeitog. En dan spog sy nog met ‘n redelik sigbare swart donsstreep bo die skewe mieliepitte. Daar is mos darem deesdae al wat ’n middel is wat mens kan gebruik om die snor-storie te verwyder. Al vat sy dan nou ook haar oorlee ’ pa se skeerkwas en skeermes. En die sonde wat ek doen, maar die lyf is mos kompleet ‘n man s’n. ‘n groot man s’n. En dan dra sy nog die kakie-klere ook. As sy dan nou nog darem ‘n skirtjie en ‘n ou bloesietjie aangehad, was die prentjie darem seker so effentjies meer na ‘n vrou se rigting. Maar nee. Boer nie eens nie, en dis net

kakie van die môre tot die aand. Maar gedurig by die koorperasie - seker om die aandele dop te hou, mens. Toe ons ons oë uitvee, toe hoor ons sy en oom Boet wat in die kantore van die koorperasie werk, gaan trou. Of hy insae in die aandele gehad het, en of sy net besef het dis haar enigste en laaste kans, gaan g’n mens weet nie, maar trou, trou hulle toe in die anglikaanse kerk op Carnarvon want sy’s toe nou ook sommer de hoenders in vir Klein -Begin se N.G.kerk dominee en daar gaat die twee en trou volksvreemd. Niemand was genooi nie, so ek weet nou nie wat die bruid gedra het nie, maar as dit wel ‘n rok was, was die ding seker ook van kakie gemaak. Nou is tant’ Anna kronies by die koorperasie, en jy’t dit nie by my gehoor nie, maar Rooi Koos vertel tant’ Anna betrek mos vir oom Boet daar agter die meelsakke as almal op lunch is. Ook maar mens, ook maar lus. En sy was mos darem al ‘n oujongnooimeisie toe sy die oom gevat het. Mens kan seker ook maar net so lank sonder die normale dinge van die lewe bly en

dan moet mens seker êrens begin behoeftig raak.

Nie ek nie. Nee. Die man wat aan my wil vat , moet sy vat ken. Ek trek my stepping vir g'n man uit nie, en my cross-your-heart-to-a-better-figure bly aan my liggaam. Baie dankie. Niemand sien my ooit sonder my onderrok nie, want dis net nie fatsoenlik nie. Ma't altyd gesê mens moet met jou vormdrag slaap dat jou figuur kan netjies en in plek bly. Jy gee mos jou lyf lug wanneer jy bad.

Die spieeltjie bo die bad is nou nie vreeslik groot nie, so ek sien nou ook nie te veel daarin nie, maar kan mos darem self sien ek het als wat ek moet hê, en die sit als op die regte plek ook. Ek het eenkeer so 'n mannetjie gehad wat so voorwaarts was en toe mos kom call het. Kom ewe met 'n bossie daisies by die voordeur klop. "ja, vir wie soek meneer", vra ek toe ewe. Maar ek weet mos dis vir my. "nee", se hy toe, hy's ene Van Tonder wat die koorperasie se boeke kom oudit en vir twee dae by die losieshuis oorbly en wil graag kom kennis maak. Ek vat hom toe voorhuis toe en die man praat en praat en praat omtrent my ore van my kop af. So lat ek amper nie kan vra of ek kan gaan teemaak nie. Hy se toe hy sal liewer hou van so 'n twee vinger kwv , of as ek regtig vriendelik wil wees, so drie vinger. Ek dink toe: maar jou ramkat, ek sal darem vir jou my vrugtekoek- kwv gooi, en dan nog so geil ook. Jy moet mos darem jou plek ken . En jou maniere. Ek laat my nie sê nie, so ek stap toe net kombuis toe. Mens , waar was jy, ek het skaars die ketel vol water, en staan nog so skuins by die sideboard om die koppies uit te haal, toe is daai man se hande mos op my skouers. "wat van 'n ou soentjie, jou pragtige blommetjie', kwyl die skepsel hier by my linkeroorlel. Maar verêre ek nou vir my daar dat 'n vreemdeling in my poorte waaroor ek my goedsmoeds ontferm, nou so kan misbruik maak van my goedheid en ook van my enkelvrou-status. Ek slaan daai koppie se oor morsaf teen sy voorkop - gelukkig is dit my gebruik-koppies en nie my bêre-koppies nie. Die verdomde sawwe-kop mansmens -

daar slaat ek sy oogbank oop. Mens, dis net bloed. Sal hom leer om met ‘n vreemde vrou te kom vatterig raak, maar toe moet ek kombuisvloer mop en dit op so ‘n onsmaaklike uur. Dis toe nou ook die einde van die kuier. Ek hoor later, die mannetjie kom oudit nou nie meer nie - glo verplasing gevra na ‘n ander streek. Ek’s glad nie jammer nie, maar Martie-van-langsaan se ek moet bly wees die man het my nie gedagvaar nie. Hy sal darem dit gewaag het - ek gee vir hom vinnig aan by die polisie vir seksuele teistering. Dink omdat ons ver van die stad af is , is ons agter die klip. Jy sal jou moses teekom hier. Ons lees mos ook tydskrifte. Niks wat ek nie weet nie. Miskien nie eerstehands ondervind nie, maar weet van, beslis.

Ek het nou nie klaar geleer nie,en stupid is ek nou ook nie, maar die dorp se mense het my nodig gehad, so ek het my verpleegsters-eksamen gelos om te kom uithelp. Onthou, die naaste dokter is amper 80km en almal het mos nou ook nie vervoer nie. Die kliniek is mos darem een keer ‘n week hier, en op ‘n woensdag help ek daar met pille uitgee en afsprake maak vir die volgende week, en so aan. Het al die Havenga’tjies gevang en ook die du Toit-gebroedselstjies anderkant die hangbrug. Mens, maar daai mense kan teel. Wens die man wil vir hom laat opbind of iets. Het nou laas met die negende enetjie gewonder of ek nie maar die vrou moet toewerk nie. En dis nie asof hulle dit breed het nie. Daai spul skrop daar rond soos ‘n klomp werfhoenders en die neuse loop altyd tot oor die onderlippies. Tog te grillerig. En vuil. Speel mos nou maar heeldag daar in die stof of drentel agter die harmansdrup van ‘n pa aan. Heel aardig. Lyk my die man het ook net lewe wanneer hy ’n kind wil maak. Dan verander harmansdrup in hups.

Die aardigste geval wat ek nou al moes help behandel, was die geval van ou Pieter Van Aarde. Eienaardige man. Bly mos daar langs die ryk Petoorse op ’n lappie grond waar g’n mens ’n bestaan sal kan maak nie, maar net Pieter Van Aarde. Het al baie stories gehoor van ’n

gedelwery en blink klippies, maar ek leen mos nie my ore uit nie, en sal ook nie sulke

onheilighede oorvertel nie. Maar ek dog ook maar hier in my enigheid, waarvan lewe die man dan tog. Ryk geerf het hy nie, want sy pa was op die spoorwee al die jare, en die broer en suster het hoeka lankal weggetrek. Het glo een of ander ambag gaan doen, maar daar't nooit 'n haan daaroor gekraai nie, en g'n mens weet ook waar hy dit gaan doen het nie. Vir al wat mens weet was die man nog in die tronk ook. Niemand weet iets van hom af nie. Maar die Pieter Van Aarde, het mos 'n houtbeen. Mens…… kom altyd na die laaste gelui in die kerk in as die vooraf orrelspel al klaar is, en dan stap-tok, stap-tok, stap-tok dit daar op die houtvloer van die kerk, al in die paadjie af. Plaas dat die man nou net sy sit kry. Nee - in die minuut stilte wat streng deur dominee gehandhaaf word, tok die man nou daar af en loop sit heel voor links. Dink sommer hy doen dit aspris, en elke liewe sondag begin die diens vir my ontstigtelik. Gaan vir Martie-van-langsaan sê sy moet vir haar man sê om die saak by die volgende kerkraadsvergadering te opper. Dominee kan gerus die man aanpraat . Maar ek is nou heel van die storie af. Die man kom eendag daar by die kliniek aan, en sê hy moet die suster sien. Ek sê suster is besig met 'n sny se toewerk, en dan sit die spul tb-mense nog in 'n lang ry, en die verkoue en griep kieme hol wild en los rond en dis 'n tou snuiwendes wat skrik vir niks. Hy sal moet wag. Hy mompel iets wat nou wraggies enige iets kon wees, en kry sy sit. Maar die man het so 'n hardlywige uitdrukking op sy gesig, mens, te aardig. Ek gaan nou maar toe aan met waarmee ek besig is en so loop die oggend uit. By daai plek kry mens nie eens tyd om jou nood te gaan verlig nie, so op watter stadium hy weer geloop het, sal ek nou nie kan sê nie, maar gesien het ek hom toe nou nie weer die dag nie . My gedagtes is mos nou ook nie by die man nie, anders sou ek sy gestalte dalk gemis het. Die aand is ek nog so doenig in die kombuis -

was gou my bord en koppie, en vee die sideboard af, en wil nog net so begin-begin uitvee, toe is daar ’n tokkery aan my voordeur. Ek verwag niemand. Martie-van-langsaan kom gesels dinsdae en donderdae oggende, en Karina van die poskantoor kom soms in haar lunch-tyd, en dominee sal ’n afspraak maak. So wie nou tok? Padvra sal iemand ook nie sommer nie, want daar’s huise wat mos nou nader aan die grootpad is waar hulle kan vra. Ek is toe maar gangaf en vra wie daar is. Toe hy se “Piet Van Aarde”, onthou ek vir die eerste keer die dag eers weer van die man. “wat kan ek vir jou doen, Piet Van Aarde”, vra ek deur die toe deur.

“Help my - ek het pyn - jy’s mos ’n verpleegster”, kom dit van anderkant af. Kyk, gewoonlik sal ek nie sommer die deur vir ’n mannetjiesmens oopmaak nie, maar die man se stem klink bietjie geknyp. So asof daar darem êrens pyn kan wees. Ek maak toe maar oop, en daar staan die skepsel toe, met steeds die hardlywige uitdrukking oor sy gelaat. “waar is die pyn Piet Van Aarde”, vra ek toe. Kan mos sien die man is in lyding. “Net hier”, se die man met sy hand op sy been. “ Nou staan jy dan nou net so, en dan gaan haal ek vir jou ’n smeermiddel wat jy kan saamvat huistoe en wat jy vir so ’n dag of drie kan insmeer, en jy sal sommer sien dit sal al jou pyne oplos.” Ek loop haal die kwart buisie smeergoed en gee dit vir Piet Van Aarde wat toe dit so haastig gryp en omdraai en in die draai darem iets mompel wat miskien ’n dankie kon wees, en daar gaan die man hinkende met die hand nog so op die pyngebeente. Dis mos eers toe hy al so pad-af tok , dat ek wis, die man se hand was dan nou heeltyd op sy houtbeen! En die kan mos nie pyn nie. Hy moes maar sekerlik ’n ander pyn gehad het waaroor mens nie kan praat nie, en het toe maar die been voorgehou. Het nog lank in my enigheid gewonder, maar uitpraat sal ek nie.

Praat van dit - ek ken ’n vrou - ken is dalk ook nie die regte woord nie, want ek vermy maar

die ou dier - sy't skinder ontwerp en vervolmaak tot 'n kuns wat niemand haar sal kan namaak nie. O, mens maar sy kan kwaadstook. Het sweerlik eelte op die kante van haar tong. Het amper veroorsaak dat dominee en mevrou geskei het - I mean to say, dis darem die herder van die kudde. Nee, omdat mevrou mos na 'n dokter in Colesberg gaan, vertel Ralie (dis nou die skeermeslem-tong-vrou) mos toe dat sy eendag in Colesberg was en vir mevrou saam met 'n vreemde man gesien het, en die stomme dominee wat so in die duister is oor mevrou se eskepades, en dat mevrou se rokkies hoeka te ver van haar kuite af vir 'n dominee se vrou, en ek weet nie wat als nie. Dit was toe hoeka mevrou se broer wat deurgereis het kaap toe van upington af, en hy wou darem net vir mevrou groet. Sy't seker in 'n telefoongesprek gesê dat sy die spesifieke dag by Colesberg se dokter sou wees. Mens, mevrou was amper onder sensuur. Ralie loop stel mos toe haar saak voor die kerkraad en dis 'n hele storie, want die waarheid van dat dit eintlik mevrou se broer is, kom mos toe eers later uit. Heelwat later. Oooooo, die mense het nog vir maande geskinder, en ou Ralie het vir omtrent 6 maande lank nie haar voete in die kerk gesit nie. Net toe die storie gaan lê het, daar is mevrou mos in die ander tyd. I mean to say, dis darem die herder van die kudde se vrou en als is mos wetlik en so aan, maar dit voel mos amper so half onheilig om te dink daar gaan sulke dinge in die pastorie aan. Dominee lyk mos hoeka of hy nie eens 'n ou windjie by homselwers kan los nie. Maar ek sê liewer niks nie - netnou klink ek soos ou Ralie.

STEL:
Outydse kombuisie - tafel, stoele, radiotjie,